

Sing vooraf staande: Psalm 149:1 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 48:1 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend maak.

Geloofsbelydenis Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met Psalm 32:3 (p. 152)

Wet

Psalm 32:3 (p. 152)

- 3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie / my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem, / U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes / om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan, / dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

Gebed

Doop: Louis Hayes

Psalm 146:8

-8-

Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!

Psalm 89:7 (p. 445)

- 7 U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag, / wat hul beklee met sterkte en onverwinb're mag.
Uit vrye guns alleen, uit ewige mededoë, / hef ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods vermoë.
Want God is ons 'n skild, die weerkrag van ons lewe; / en onse Koning is deur Isr'els God gegewe.

Skriflesing: Sagaria 9

Teks: Sagaria 9:9

**Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem!
Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig
en Hy ry op 'n esel – op 'n jong esel, die vul van 'n eselin.
(Sagaria 9:9 AFR53)**

Daar gebeur soms dinge wat ons nie verstaan nie en wat ons dan heeltemal verkeerd hanteer – en dan was dit dinge wat vooruit deur die Here aan ons geopenbaar is maar wat ons nie kon raaksien toe dit gebeur het nie.

- Een so 'n geval wat vroeër met die gelowiges gebeur het, was die koms van die Here Jesus.
 - Hulle het Hom verwag as 'n Koning wat as Regeerder oor die hele wêreld sou kom.

- Dit was 'n verkeerde verwagting, want die Here het vantevore baie duidelik geopenbaar dat Jesus, wanneer Hy kom, nie die uiterlike vertoon van 'n koning sou hê nie.

Aan die hand van ons teksvers kyk ons na die volgende aspekte van die profesie dat Jesus aan die kom was:

1. Die versukkelde toestand van die volk

2. Die boodskap dat die Koning kom

3. Die wyse waarop die Koning regeer

1. Die versukkelde toestand van die volk

Negentig jaar tevore is hierdie volk verneder toe hulle voorsate in hierdie selfde stad verslaan en in ballingskap na Babilonië toe weggevoer is.

- Intussen het die koning van Babel toestemming gegee dat die wat wil, na hulle land toe mag terugkeer.
- Ongeveer twintig jaar voordat Sagaria sy naggestigte gesien het, het hierdie groepie teruggekom na Jerusalem toe.
- Die van hulle wat teruggekom het, het party onder Serubabel en ander onder Esra gekom.

Die teruggekeerde volk het 'n bepaalde opdrag van die Here gehad.

- Hulle moes die tempel en die stad weer kom herbou.
- Dit moes as bewys dien dat hulle nie soos hulle voorouers afgode dien nie, maar dat hulle die Here dien.

Dit het maar net nie goed gegaan met die klomp wat teruggekeer het nie.

- Hulle is bedreig deur die mense wat gedurende die sewentig jaar wat hulle in ballingskap weg was in hulle land kom woon het.
- Dié nuwe inwoners het 'n groot gevaar sien kom, want hulle het besef dat die Jode wat teruggekeer het, hulle mettertyd uit hulle besittings en die land gaan uitdryf.

Daarom het hulle en hulle leiers op verskillende maniere probeer om die herbou van die tempel en die stadsmure te keer.

- Hulle het byvoorbeeld die werk probeer verhoed – wat aanvanklik goed gewerk het.
- Toe dit nie meer gehelp het nie, het hulle allerhande onwaar stories oor die teruggekeerde Jode by die koning in Babel gaan aandra.
- Nog later het hulle met wapengeweld die werk teruggehou en probeer om Nehemia met 'n sameswering te vermoor.

Hoe sien die Here hierdie versukkelde klompie mense wat in armoede en onderdrukking die tempel probeer herstel?

- Die Here is baie lief vir hulle.
- Die Here sê in vers 8 dat Hy hulle self sal beskerm – hulle is sy huis en Hy sal 'n laer rondom hulle trek sodat niemand hulle weer oorrompel nie.
- In vers 9 noem die Here hulle die **dogter van Sion**.

Dogter van Sion is 'n bekende beeld wat baie in die Bybel voorkom.

- Daarmee stel die Here hierdie groepie mense voor as 'n jongvrou of 'n maagd wat wag op haar bruidegom.
- Die boek Openbaring sluit af met die openbaring dat die hiernamaals begin met die

bruilof van hierdie maagd met haar Bruidegom.

Die Here skeep dus 'n groot verwagting vir hierdie jongvrou wat nie uit haar ellendes kan loskom nie.

2. Die boodskap dat die Koning kom

Die Bruidegom wat op pad is, is nie sommer enige iemand nie. Hy is 'n Koning.

- Die jongvrou moet gereedgemaak word om 'n Koning te ontvang.
- Die ontvangs moet gekenmerk word deur groot vreugde – die meisie moet so bly wees dat sy letterlik juig wanneer die Koning by haar kom.

Die Here vertel vir die meisie hoe lyk die Koning wat op pad is.

- Hy is regverdig.
 - Daar is baie plekke in die Bybel wat verwys na die regverdigheid van die Here.
 - Wat opvallend is, is dat baie van hierdie verwysings die regverdigheid van die Here koppel aan die feit dat Hy aan armes wat verdruk word reg laat geskied.
 - *Die bruid is juis arm en daarom beteken die belofte vir haar dat sy juis rede het om bly te wees, want wanneer die Koning kom, is die tyd van haar armoede verby.*
- MAAR dadelik is daar 'n regstelling: Die Koning kom nie in rykdom en weelde nie.
 - Die dogter van Sion moet versigtig wees in haar verwagting!
 - Die Koning kom in 'n sekere sin verskuil: Hy kom nederig en Hy gaan op 'n donkievul ry.

Die Here herhaal hier 'n baie ou profesie (Gen. 49:11):

Hy maak sy jong esel vas aan die wingerdstok en die vul van sy eselin aan die edelste wynstok; Hy was sy klee in wyn en sy gewaad in druwebloed.

(Genesis 49:11 AFR53)

- Die profesie stel dit helder en duidelik dat die Messias op 'n donkievul sal ry wanneer Hy as Koning kom.
- Dit verwys ook spesifiek na die geleentheid wanneer Jesus kom om gekruisig te word en sy klere vol van sy eie bloed sal wees.
- Dit word in die teksvers uitgebeeld met die woord **druwebloed**.
- Daarin is ook 'n toespeling op die wyn van die Nagmaal. Hierdie profesie is natuurlik presies so vervul en dit is beskryf in Matteus 21:2, 3:

Gaan na daardie dorp reg voor julle, en dadelik sal julle 'n eselin vind wat vasmag is, en 'n vul by haar. Maak haar los en bring hulle vir My. En as iemand vir julle iets sê, moet julle antwoord: Die Here het hulle nodig; en dadelik sal hy hulle stuur. (Matteus 21:2-3 AFR53)

Dit het gebeur toe Jesus die laaste keer na Jerusalem toe is.

- Dit was die week toe Hy gekruisig is tot versoening van ons armoedige geloof.
- Dit was die week toe Hy die straf moes dra vir al die ellendes wat deur ons sondes tot stand gekom het.
- Die profesie leer dat die Koning deel word van sy stukkende en sondige volk sodat Hy die klagtes wat teen hulle staan, op sy skouers kan neem.
- *Die dogter van Sion moet Hom nie verwag as 'n groot en ryk figuur wat in weelde en met luister by ons opdaag nie.*

Presies so het dit gebeur.

- Jesus is arm gebore.
- In plaas daarvan dat Hy in 'n paleis rondgespeel het, het Hy as 'n timmermankind grootgeword.

Daarom het die dogter van Sion haar Koning nie herken nie!

- Hulle het Hom nie herken selfs toe Hy 'n baie ou profesie herhaal het en op 'n donkie vul in Jerusalem ingery het nie.
- Die dogter van Sion het die profesie van haar God vergeet.

Dit is merkwaardig hoe mense die vermoë het om hulle lewenstyl en statussimbole deur die eeue te verander.

- In Moses se tyd was 'n donkie 'n baie gesogte rydier.
 - Moses het sy vrou en kinders byvoorbeeld op 'n donkie laat ry (Eksodus 4:20).
- In die boek Rigters is daar 'n paar verwysings daarna dat ryk en vooraanstaande mense op donkies gery het, byvoorbeeld Rigters 5:10 wat insinueer dat die *snoobs* van daardie tyd op wit donkiemerries gery het.
 - Rigters 10:4 vertel dat die rigter Jaïr se dertig seuns op dertig donkies gery het en dat hulle dertig stede gehad het wat bekendgestaan het as die Jaïr dorpe.
 - Die rigter Abdon het nog meer status gehad, want sy veertig seuns en dertig kleinseuns het op sewentig donkies gery.

Maar tye verander altyd en wat vandag goed is, word môre vervang met iets anders. Net so het dit gegaan met die donkie as statussimbool.

- In die tyd van Dawid was muile statussimbole.
 - Dawid self het op 'n koninklike muil gery.
 - Net so het sy seuns ook almal op muile gery.
- Toe was die donkie se tyd as statussimbool verby.

Nog 'n paar jaar later was muile ook nie meer statussimbole nie. Toe het perde en strydwaens die simbool van die koning se status geword.

- Donkies is toe glad nie meer gereken nie.
- ***In hierdie tyd word die profesie vervul dat die Koning wat kom, op 'n donkie gaan ry.***
- ***Die aankondiging vra dus van die gelowiges wat op die koms van die Koning gewag het 'n geweldige onderskeidingsvermoë.***

Die Koning kom, maar uiterlik gaan Hy nie lyk soos 'n koning nie.

- Hy gaan op 'n donkie vul ry.
- 'n Donkie vul gaan in sy tyd nie meer 'n statusrydier wees wat die status van 'n koning aandui nie.

Die ware Koning gaan Hom nie laat bind aan die uiterlike dinge wat 'n wêreldse koning kenmerk nie. Hy gaan heeltemal 'n Koning in sy eie klas wees soos daar voor Hom nog nie een was nie.

3. Die wyse waarop die Koning regeer

Dit is merkwaardig hoe die verloop van tyd die mensdom se waardes omgekeer het.

- Die Jode het 'n koning verwag wat met wapengeweld sou regeer.
- Die mense van die eindtyd verwag weer 'n Koning wat gaan kom in vrede.
- Al twee groepe is verkeerd!

Die ware Koning het toe gekom om die vrede van God aan die mense te verkondig.

- Die geringheid van die Koning en sy vredeliewendheid word albei uitgebeeld deur die donkie vul waarop Hy ry.

- Dit was nie net die uiterlike mag en glans waarmee die ware Koning die koningskap gemis het nie.
- Hy het dit ook gemis ten opsigte van sy krygsmag wat nie uit perde en strydwaens en swaarde bestaan het nie.

Die Jode moes dit geweet het, want die profesie het gesê (v. 10):

En Ek sal die strydwaens uit Efraim en die perde uit Jerusalem uitroei, en die strydboog sal vernietig word. Dan sal Hy aan die nasies vrede verkondig, en sy heerskappy sal wees van see tot see, en van die Eufraat tot aan die eindes van die aarde. (Sagaria 9:10 AFR53)

Die vrederyk van God het dus met Jesus Christus se koms na die aarde toe begin.

- Die belangrike punt is dat die Messiaanse volk se oorwinning nie in wapengeweld lê nie.
- Dit het nie daarin gelê toe Jesus die eerste keer gekom het nie, en dit sal ook nie daarin lê wanneer Hy weer kom as Hy op die wolke verskyn nie.

Maar dit beteken nie dat die gelowiges alles gaan verloor en oorgee omdat hulle nie wapens het om mee te veg nie. God gaan veg.

- Eers gaan Hy uit al die nasies sy uitverkorenes haal.
- Dit gebeur wanneer alle nasies voor sy regterstoel verskyn en die Here aan al hulle ongeregtigheid 'n einde maak.

Jesus se koningskap is juis misleidend vir die wat die krag van God nie verstaan nie.

- Daarom kyk hulle teen die donkievul vas en verwerp daarmee die almag van God.
- 'n Koning wat die uiterlike vertoon van die lewe mis, is nie vir hulle goed genoeg nie.

MAAR:

- Hierdie Koning het daardie selfde week toe Hy op die donkievul in Jerusalem ingery het die volle mag van die dood verbreek.
- Hy het die totale mag van die hel verskerf sodat dit nooit weer teen Hom of teen sy uitverkorenes kan opstaan nie.

Daarom skryf die Here hier in die profesie dat Hy dink aan die bloed van die verbond.

- Dit is hierdie Koning se bloed aan die kruis waarmee al die uitverkorenes losgekoop is uit die mag van die Satan.
- Die gevangenes wat losgelaat word uit die put sonder water is 'n beeld van die ellendes waarin die gelowiges vasgevang is.
 - Dit herinner aan Jeremia wat in so 'n put ingegooi was.
- Uit hierdie toestand van verlorenheid verlos die ware Koning ons met sy verbondsbloed.

Dit is dalk hier waar die probleem in ons tyd ook ontstaan – die moderne mens verwag 'n Messias wat net vrede gaan verkondig.

- Waar die mense tydens die eerste koms net gedink het aan wapengeweld, dink die mense voor die tweede koms weer net aan vrede en skikking.
- Al twee die verwagtings is mis, want die vrede van die Messias verwag van die uitverkorenes dat hulle hulle beginsels soos 'n pyl sal afskiet teen die beginsels van die ongelowiges.
- In vers 13 word dit gestel dat die seuns van Juda en Efraim soos pyle afgeskiet sal word teen die seuns van Jawan.

Uiteindelik verskyn die Here oor almal soos weerlig wat met die storm kom wanneer die basuin blaas.

- Vers 15 teken dit baie duidelik dat die Here as 'n geweldige Stryder sy pyle soos bliksemstrale neerfel op die ongelowiges.
- Die basuin wat blaas, is juis sy teken as aanvoerder van die hemelse magte dat die aanval gedoen moet word.

Die Koning kom.

- Ons moet met blydschap regmaak vir sy koms, want Hy gaan alle magte wat teen sy kerk en teen sy eer staan, vernietig.
- Hy gaan ons uit hierdie stukkende wêreld uithaal en ons met hemelse heerlikheid beklee.

Die Here het vooruit sy wederkoms aan ons geopenbaar. Daarom moet ons die tekens reg verstaan.

- Hy kom nie weer op 'n donkie vul nie – die tyd van vrede maak is verby.
- Hy kom nou soos weerlig uit 'n storm, want Hy kom om te oordeel.
- Die Jode het die punt van die Koning se eerste koms gemis, want hulle het 'n Koning verwag wat in eer en heerlikheid sou kom – toe kom Hy op 'n donkie.

Ons verwag en preek vrede en ons verwag 'n Koning van vrede. Pasop!

- Hy kom nou om te oordeel.
- Die wat Hom verkeerd verwag, gaan net soos die Jode aan die verkeerde kant gevang word.
- Dit gaan beteken dat die wat aan die einde die ware Koning se wederkoms mis, in die hel insnel.

Maak dit daarom u saak om u Bybel se inhoud te ken sodat u weet hoe u Koning kom en dat u gereed is om Hom met blydschap te ontvang.

Amen.

Slotgebed

Psalm 81:1, 4 (p. 411)

1 Laat ons nou die HEER / wat sy volk verbly het / deur sy sterkte, eer!
Hom, die grote God, / wat weer feesgenot / vir sy volk berei het.

4 Want dis die bevel / wat alom weerklink het / onder Israel;
dis die groot gebod / van 'n troue God / wat aan ons gedink het;

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville: 19 Maart 2006
Hulpdienspredikant Clanwilliam: 24 Maart 2013